Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek
Borgward Club of South Africa, Southern Region

Junie 2023

# Borgward Nuus / News


| | Bl |
|---|---|
| *Voorwoord & Meelewing* | *1* |
| *My pad met Borgward* | *2* |
| *Ledegelde/Saamtrek* | *3* |
| *Padtoetse* | *4* |
| *Dolf se plan* | *5* |
| *As Eseltjies roep* | *6/7* |
| *Hoe vorder die Coupè* | *7* |
| *Focke and Borgward* | *8* |
| *Om oor na te dink* | *9* |


## Voorwoord

Hierdie maand is ons klub se 62 ste verjaardag en het ons dit op 4/6/23 op gepaste wyse gevier met koek en koffie. Die winter het egter met mening daardie dag toegeslaan en ons was net sewe geharde veterane wat die geleentheid herdenk het. Die klubhuis was egter heerlik warm en ons het gesellig saam gekuier.

Intussen het ons ver gevorder met die reëlings vir volgende jaar se nasionale saamtrek naby Upington. Die Noordkaap is 'n deel van ons land wat swaar gebuk gaan onder ekonomiese omstandighede en tog bly die mense vriendelik, behulpsaam en gaan uit hulle pad om diens te lewer teen billike pryse. Dit gebeur ook nie dikwels dat daar van buite af ontspannings geleenthede aangebied word nie. Die gedagte het dus by my ontstaan om ondersoek in te stel na die moontlikheid om die saamtrek op Upington te hou. Saam daarmee ook die gedagte dat ons dalk vir daardie afgeleë gemeenskap iets kan beteken. Upington is ook redelik sentraal geleë met die afstande vanaf Kaapstad (930km) en Pretoria (850km). Plekke soos Potchefstroom, Bloemfontein en George is heelwat nader. Toe ek die voorstel aan die klub in die Noorde voorgelê het, het hulle tydens hulle onderdele dag in Maart eenparig ingestem en laat weet dat hulle opgewonde is oor die idee, as ons dit kan maak werk. Ek en Rina het toe gaan navorsing doen en met ons terugkeer het ek weer vir Pieter ingelig oor alles en het ons saam finaal besluit ons gaan Upington toe. Lees gerus die ingeslote opsomming oor die saamtrek in die lig van bogenoemde opmerkings.

Ons deel ook in hierdie uitgawe Johan Bruce en Dolf Tredoux se paaie met Borgward en kan nie anders as om hulle geesdrif en deursettingsvermoeë te bewonder nie. So het ons almal 'n lang storie om te vertel. Stuur asseblief jou verhaal. Ons plaas dit graag en geniet om dit te lees.

Louis

## Meelewing

Ons het laas op 25 Mei terugvoer gegee oor 3 van ons lede. Met die skryf van hierdie berig op 6 Junie, is die jongste nuus as volg:

1. Johan de Villiers is sedert begin Maart nog steeds nie wel nie. Hoewel hy met paasnaweek ontslaan is, was hy daarna weer vir 'n tyd in die hospitaal. Nou is hy al 'n klompie weke tuis en versorg sy seun Jan Daniel, en sy vriendin en huishulp hom. Sy gemoed is goed, maar hy eet nog steeds basies geen vaste kos nie. Ons hoop die volgende meelewingsverslag sal meer positief wees.
2. Met Robert Schepel gaan dit nog steeds nie heeltemal na wense nie. Hy is wel elke dag by die werk (kan mos nie stil sit nie, volgens Mary.) Hy hoes nog baie en gaan weer na die hartspesialis vir 'n opvolgbesoek.
3. Piet Kotze het toe op 25 Mei 'n groot nekoperasie gehad. Die operasie is aan die voorkant gedoen om 'n verwysde pyn in die oor reg te stel. Hy hoef nie 'n nekstut te dra nie, maar moet self fisio-oefeninge doen.
4. Evert is op 6 Junie hospitaal toe vir 'n rugoperasie. Dit is vir 'n verwysde pyn in sy been die afgelope paar maande. Hy is die middag geopereer en laat middag het hy lekker geëet en is die aanduidings daar dat daardie pyn in die been weg is. Ons beker van dankbaarheid loop oor!

Ons bede is dat almal wat nog besig is met die herstelproses, uiteindelik volkome beterskap mag geniet.

## MY PAD MET BORGWARD — 1965 TOT 2023



**Oudtshoorn 1965 :** Ek is in matriek en benodig 'n motor vir die afskeid. Gelukkig vir my het my niggie se man 'n Borgward. Hulle stem in om die motor vir my te leen aangesien ek darem al 'n bestuurslisensie het. Spoggerig soos net 'n matriek outjie kan wees, gaan haal ek Erica by die meisiekoshuis. Nadat ek so 'n bietjie gesukkel het om die Borgward aan die gang te kry, vertrek ons na die geleentheid.

**Paarl 1977 :** My eerste Borgward kopie is op 'n kerk basaar vir R180. Ek het nie na die basaar gegaan met die bedoeling om 'n motor te koop nie, eerder 'n lekker melktert, maar toe die veiling by die wit olifanttafel begin, kon ek myself nie keer om op die Borgward te bie nie. Hierdie motor het ons tweede voertuig geword en vroulief het vir ongeveer 8 jaar met Bella gery – werk toe, skool toe, judo toe, ballet toe en nog vele ander plekke ook. Sy het gespog dat sy net een keer per maand R40 se brandstof ingegooi het. Van sy parte pryk nou in die Rooie .



**Paarl 1985 :** Toe verskyn daar 'n nuwe Borgward in Petrastraat 8. Baksteenrooi, gekoop by 'n handelaar in Voortrekkerweg, Parow. Hy kom glo van Graaffwater, vandaar die registrasie CAR 1957. Hierdie Rooi Gevaar, soos ons dogter hom gedoop het, het ons deur die jare baie plesier verskaf. Menige skoue en Gariepbyeenkomste bygewoon asook 'n paar Sonder nonsens Vreetsaamtoere gedoen. Rooi gevaar het ook diens gedoen vir albei kinders se matriekafskeide in 1995 en 1999. So draai die wiel na dertig jaar. Dit was dan ook met hierdie motor wat ons by die Borgwardklub in 1995 aangesluit het en so deel van die Borgward-familie geword het.




Op 'n tyd was daar ook 'n swart motor op ons werf, wat vir parte gekoop is. Hy rus nou sag in 'n skrootwerf op Stanford

**Paarl 2000 :** Tydens die Gariepbyeenkoms noem ek aan die lede dat ek baie graag 'n Combi wil bekom. Met ons terugkoms by die huis ontvang ek 'n oproep van Graham Davies met inligting van 'n Combi in Loxton. Ek kontak die eienaar en maak ongesiens 'n goeie prys oor die telefoon. Daar gekom kry ek 'n kanariegeel met swart dak hoenderhok. Nodeloos om te noem, die prys is drasties verlaag na R450. Ek doen die Combi kompleet oor, die oorspronklike groen kleur het ek onder die bakwerk gevind. In 2002 pryk die Combi by Gariep.

In 2010 neem ons seun, Charl, die Combi na die George motorskou. Dit was sy eerste uitstappie met die motor. Hy noem dat hy van die motor hou omdat daar plek vir sy branderplank op die dak is.
In Mei 2019 dra ek die Combi op sy naam oor en laat hom aansluit by die klub.



Maar nog is dit **Den Einde Niet**. Ou Karre kom in jou bloed en raak later 'n siekte. Partykeer 'n duur siekte.

**Paarl 2007:** En daar uit die verre Zimbabwe kom 'n wit Coupè. 'n Dokter in Harare, Marc Derveeuw, wat aan ons klub behoort het, adverteer sy motor. Ek kontak hom en na 6 maande se onderhandelinge en BAIE papierwerk ontvang ek die motor.In Augustus 2010 woon ons Cars in the Park in Pretoria by waar ek met my Coupè kon spog.



In Maart 2011 doen die Coupè en die Combi diens op Charl en Annemie se troue.

My motors het my deur al die jare groot plesier verskaf en min kere in die steek gelaat. Maar nou begin die jare ons inhaal en moet ek dink aan minder maak. Dit is moeilik want die motors raak soos jou kinders en watter een moet dan nou gaan? Maar feite is feite en daarteen kan ons nie stry nie.

**Groete Johan Bruce**

## LEDEGELDE / MEMBERSHIP FEES

Neem asseblief kennis dat ons ledegeld van R330 nou betaalbaar is voor die einde van Julie 2023. Dit moet verkieslik per Elektroniese oorplasing na ons rekening gedoen word. Vermy asseblief om kontant in te betaal as gevolg van die astronomiese bankkoste wat hulle deesdae hef op kontant. Alternatiewelik kan die kontant by my inbetaal word, dan hou ek dit in ons kleinkas vir lopende uitgawes. Ons bank besonderhede is ABSA, Borgward klub van SA (Suid), nommer 6 2525 3012. Gebruik jou naam as verwysing sodat ek dit korrek kan allokeer.

Byvoorbaat baie dankie vir u samewerking.

Please note that our membership fees of R330 are due now before the end of July 2023. Please make payments into our bank account by way of EFT and do not deposit cash, due to the enormous fees that the banks charge on such deposits these days. Alternatively, cash can be handed to myself, which I then keep in our petty cash for day-to-day expenses. Our bank details are ABSA, Borgward Club of SA (South), account number 6 2525 3012. Use your name as reference so that I can allocate it correctly.

Thank you for your co-operation.

Louis

## Nasionale Saamtrek 2024

Ons saamtrek volgende jaar gaan plaasvind naby Upington vanaf Donderdag 21 Maart 2024 tot Sondag oggend 24 Maart 2024 by Riva Resort op die oewer van die Oranje rivier. Riva is so 8 kilometer stroomaf vanaf Upington en die oord beskik oor selfhelp akkomodasie en het sy eie restaurant en kroeg. Verder is daar baie spasie met 'n grasperk groter as 'n rugbyveld plus nog 'n parkeer area waar meer as 100 voertuie kan parkeer. Hulle het aangebied om hulle huidige akkomodasie pryse vir ons vas te pen en sal ook in alle etes voorsien volgens ons behoefte. Hulle gaan ook maar gebuk onder gereelde prysstygings in die voedsel bedryf, maar het onderneem om ons sover moontlik tegemoet te kom.

Ek en Rina het onlangs die oord besoek en ook gaan kennis maak met die Kalahari Oumotor Klub en hulle genooi om Saterdag by ons aan te sluit tydens ons Concours uitstalling. Hulle het elke kwartaal 'n uitstappie en hierdie gaan nou die uitstappie wees vir hulle eerste kwartaal. Om die waarheid te sê, hulle wou weet of ons dit 'n jaarlikse instelling wil maak! Sover ek kon vasstel word ou motors nie eintlik gerestoureer nie en dus het ek hulle genooi met 'n 'verskuilde agenda' - miskien , as hulle die kwaliteit van ons karre sien byt die gogga een of twee van hulle om te restoureer en te bewaar en sit op die manier 'n kettingreaksie aan die gang.

Ons sal ook gebruik maak van plaaslike talent in al ons aktiwiteite waar nodig.

Die moontlikheid om ons uitstalling oop te stel vir die publiek, op versoek, ten bate van die Outistiese Vereniging van SA word ook onder-soek. Die oord het aangebied om op die dag ook 'n pretdraf te reel, iets wat hulle al vantevore gedoen het en wat blykbaar baie en-toesiastiese drawwers gelok het. Ons sal egter geensins betrokke raak by al die reëlings nie.

Verdere besonderhede en bespreking prosedures sal mettertyd deurgegee word. Intussen, kry maar solank die Borgward reg en begin spaar vir die unieke geleentheid.

Louis

**<u>Padtoetse: Foto onderskrifte</u>**

**(Borgward Isabella)**


In 'n uitgawe van Brooklands Book, Road Test Limited Edition oor die Borgward Isabella, verskyn 'n aantal interessante onderskrifte by fotos van Borgward Isabellas.

Hier volg 'n paar:

- Borgward is well-finished, has more of an American made look than most foreign cars. Car is 14½ feet long and has almost 7 inches road clearance.
- A very substantial luggage compartment which offers nearly 20 cu.ft. of unimpeded space, will surprise most drivers accustomed to foreign cars. Spare wheel stores in separate compartment below.
- Passenger can recline on front seat, and both backs tilt all the way to form a pair of beds.
- So many European cars imported into the U.S. are woefully unequipped to cope with grandmother parking the Cadillac. The Borgward's bumpers are no exception.
- Wheels larger than 13 inches probably would look better.
- A roomy and comfortable 1½ litre. – The Borgward Isabella TS possesses many refinements, weighs just over a ton, and has a very high performance for its engine size. Petrol consumption is low, and the appearance imposing.
- One of Germany's best-looking cars, the Borgward's overall appearance is spoiled only by a large diamond-shaped grill ornament. ☹
- Instrumentation shows pre-war American influence, especially the horizontal speedo.
- Clean line gives the Isabella an "eager" appearance when it is standing still – and help to minimize wind-roar when it is travelling fast.
- Isabella TS is a real ball of fire. From its 1½ - litre it gives more performance than many cars of twice the capacity, yet it is flexible and smooth.
- Instrument panel is straightforward, has generous number of dials. Ring on steering wheel flashes headlamps. The knobs are somewhat confusing, though, need labelling.

Kees Beekman


NS Ek het hierdie Brooklands Book met groot dank in bruikleen gekry van Hector Horne. Hy het dit in Nov. 2005 persent gekry by sy dogter Suzanne – 'n besonderse geskenk! Daar mag nog artikels volg.



**Dolf, die man met 'n plan**

Toe my Isabella gebou is in Bremen, was ek in standerd nege op skool in die Paarl. My oudste broer, wat toe alreeds in Okahandja SWA. gewoon en gewerk het, wou 'n Zephyr koop. Borgwards het toe alreeds hul pad na SWA gevind via Walvisbaai en dan per trein na Windhoek. Hy het nie die koop vasgemaak op die Zephyr nie en die motor is verkoop. Hy word omgepraat deur die verkoopsman om saam te ry Windhoek toe om na 'n Borgward te gaan kyk. Dit is hoe my Isabella in die familie gekom het. Einde 1963 toe die Isabella vir die vierde keer Paarl toe draf wou broer opsluit 'n 1960 Chef koop. Die familie het gegroei en die afstande raak lank. Na 'n daglange soek kry ons een by 'n handelaar in Parow. Die Borgward fabriek is toe. Dis vier jaar later en die Isabella se prys val soos 'n klip. Dolf het nie verniet na 'n Chev help soek nie, hy was 'n man met 'n plan. Broer en verkoopsman kon nie op die prys ooreenkom nie. Dis hier waar Dolf sy kans sien en die prys aanbied wat broer vra. Ek het 'n paar jaar gewerk en min verdien en broer kon nie die kloutjie by die oor kry nie. Ek stel voor dat hy dra die huurkoop en ek die paaiement. Algemeen aanvaar onder protes. Ek sê dis 'n wen wen situasie. Nadat ek met die Isabella 120k myl gery het (op 32 k myl gekoop) wou ek hom oorverf en herstelwerk doen. Ongelukkig het hy 23 jaar in die garage bly staan tot ons hom in 2000 weer aan die gang gekry het, net betyds om Dam toe te ry. Daar het hy die prys vir die mees oorspronklike motor gekry. Om hom te laat oorverf en reparasies te doen moes hy uitmekaar gehaal word, en dit is eers 10 jaar daarna gedoen. By die saamtrek op Hartenbos verlede jaar het hy Goud gekry. My seun wat in Engeland woon het dit finansieël moontlik gemaak om die motor te herbou. Hy sal dan ook die motor eendag oorneem. Soos met baie van die ouer lede is die toekoms van ons motors onseker. Of my Isabella die pad Engeland toe sal vind – net die tyd sal leer.

Dolf Tredoux






## As die Eseltjies roep

Toe daar aan die begin van die jaar voorstelle gevra is vir uitstappies, kon ek nie anders as om voor te stel dat ons na Eseltjiesrus naby Mc Gregor gaan – die Eseltjies roep al lankal! Omdat ons nie op die warmste tyd van die jaar wil gaan nie, en ook nie reën wil hê nie, het ons gedink April is die beste tyd vir die uitstappie – 2 April om presies te wees.



Ons wag vir ons koffie en koek by die lang tafel



Ons uitstalling by Nuy on the Hill

Omdat dit 'n taamlike entjie se ry is (± 150 km) het ons al half nege by die Wynland 1 Stop op die N1 ontmoet. Die dag het effens negatief begin toe Louis en Rina se bakkie 2 km. voor die 1 Stop gaan staan het met vuil in die vergasser. 'n Paar pogings om dit op te los was nie geslaagd nie, en toe John en Liz daar verbykom, het hulle die bakkie ingesleep tot by die 1 Stop en hom toe daar gelos vir die dag. Louis en Rina ry toe saam met John-hulle vir die dag. Net na die tolhek vir die tonnel het die Paarliete (Dolf, Helena en Aletta, asook Hector en Ria) en Deon en Lizbe van Malmesbury by ons aangesluit. Van daar af het ons in konvooi gery tot by die restaurant Nuy on the Hill waar ons gestop het vir 'n koffie met 'n versnapering. 'n Entjie voor Nuy het Johan en Amanda vanaf Hermanus, met perfekte tydsberekening, by die konvooi aangesluit. Ons het gereel dat die 4 Borgwards, en Hector en Ria se Beetle by die ingang uitgestal mag word. In die restaurant was 'n lang tafel by die panoramavensters gereed vir ons. Die uitsig oor die wingerde met die berge in die agtergrond was asemrowend – in die winter met sneeu op al die berge moet dit prentjiemooi wees!!



Evert dink sy donkievriend is 'n wonderlike ding



Ons kry 'n les by die donkies

Nadat ons ongeveer 'n uur daar vertoef het, het ons koers gekry Mc Gregor toe via Robertson. Omtrent 5 km voor Mc Gregor is Eseltjiesrus, en ons het net na 12 uur daar ingedraai. Die Borgwards is by die donkiekampe geparkeer, en omdat die restaurant toe baie besig was, het ons almal eers 'n drankie gedrink en toe die baie interessante begeleide toer deur die donkiekampe gedoen. Dit was mooi om te sien en te hoor hoe goed die donkies versorg word, maar ook aandoenlik om te hoor in welke toestand hulle was a.g.v. wanvoeding en mishandeling. David Kramer is die beskermheer van Eseltjiesrus en hy het 'n baie mooi liedjie oor die donkies by Eseltjiesrus geskryf. Die liedjie se naam is Donkiehemel. Luister dit gerus op Google - dit is nogal hartroerend!

Nadat ons vir ongeveer 45 minute by die donkies gekuier het, is ons terug restaurant toe waar omtrent die helfte van ons binne gesit het waar dit koeler was, en die ander buite op die stoep met 'n mooi uitsig. Omdat die bestelling al 'n paar dae voor die tyd deurgestuur is, was die bediening flink en kon ons lekker rustig eet en kuier. Die meeste van ons het lekker hoenderpastei geëet met 'n porsie chips en 'n slaai en sommige het 'n bacon of vegetariese quiche geneem, en soos die spyskaart dit gesê het "wash it down with a glass of our Eseltjiesrus wine or Roodezant grape Juice." Die mense van Eseltjiesrus het regtig probeer om aan die spyskaart 'n Borgward geur te gee – hulle het die Borgward wapen daarop afgedruk en het die spyskaart genoem: Our special "Carl Friedrich Wilhelm" menu. Onder 'n baie mooi foto van 'n klompie donkies staan die volgende geskryf: The donkeys at Eseltjiesrus look forward to meet you. It is our privilege to share some insights about these gentle creatures with you, and they will be keen to hear all about your wonderful cars ….


*Op die stoep van Eseltjies se restaurant*


*Dieselfde kleure – Robert dink die donkie is oulik, die donkie dink Robert is oulik – ons dink al 2 is oulik!*

Rondom 3 uur het ons klaar geëet en gekuier, en tussen 5 uur en half 6 het die meeste laat weet dat hulle weer veilig tuis is en die dag baie geniet het.  Ja-nee, ek dink ons is almal baie bly dat die eseltjies geroep het!

Kees Beekman

Die Borgward Logo is 'n diamantvormige geometriese ontwerp, bestaande uit 4 driehoeke, waarvan 2 rooi van kleur is – 'n Verwysing na die  vlag van die Duitse stad Bremen.

**<u>Hoe vorder die Coupè</u>**

Pierre is voorlopig klaar met die Coupe en Maria het onlangs die video op ons groep geplaas. Op die oomblik is hy besig om die chroomwerk te laat doen en ek wag ook nog vir die agterlig lense wat Japie in George laat vervaardig. Voorlopig gaan die Coupe terug stoor toe totdat alles gereed is om dan finaal af te rond en te poleer. Dit sal nog 'n maand of twee vat. Op daardie stadium het ek gedink om  'before' en 'After' fotos te plaas.

Louis

Die berig hieronder is aan my gestuur deur Klaus Gessner, 'n vriend wat ons in Tygervallei ontmoet het. Hy besit 'n baie mooi Volvo 122 (2 deur) wat hy gaan verkoop – vandaar sy Volvo opmerking! Hy het my vertel van die film op U-Tube, alles in Duits – und ich kann nicht Deutsch sprechen! Hy het toe aangebied om die film in breë trekke in Engels te vertaal – Vielen dank Klaus!

**Focke and Borgward**

From the beginning that I met Kees I became very aware that he was an ardent Borgward fan, but also the owner of a beautiful Isabella. (Still not a Volvo)

When viewing a documentary on YouTube the other day, a story on the pioneers of flight, in this case the history of the Focke brothers, who became world famous for the Focke-Wulf Brand aeroplanes. For those of you not acquainted with flight, the Focke-Wulf Fw 190 fighter plane became known as the "Butcherbird" during WW2.

The Focke's, two brothers, Wilhelm the older of the two, was an artist, who spent many years watching and studying birds, became obsessed with flight, and therefore wanted to fly himself. By 1909 he had designed wings and managed to "fly" (glide) over a hundred meters, reaching a height of seven meters. Wilhelm stuck to patenting and designing all sorts of products, such as sand yachts and iceboats, but was never interested in the commercial values. He remained an artist all his life.

His younger brother, Henrich, also became enthusiastic about flight and was the one who founded the company, manufacturing aeroplanes, after meeting up with Jörg Wulf. From this point on the company became known as Focke-Wulf.

Wulf became the test-pilot and was the first to test any of their new designs. Unfortunately, Wulf lost his life in 1927 during a crash.

Henrich kept on designing commercial aeroplanes but also helicopters. He became famous designing the first flying helicopter, beating Igor Sikorski to it. Later producing the world-famous Focke-Wulf Fw 61, a helicopter with two side rotors.

Due to his health, Henrich returned to Germany but wasn't allowed to continue his profession due to WW2. In the early 50's he met Carl Borgward and then became involved with the designing of small helicopters, which became known as the Colibri. During that period the Borgward Brand became very popular, so much so that the German police opted to drive the Borgward. By 1961 Borgward closed their doors due to bankruptcy.

Henrich kept on designing with Airbus and became involved and influential with the popular Airbus 380.

....

## Om oor na te dink



1. As jy fout soek, gebruik dan 'n spieël, nie 'n verkyker nie!
2. Waar sou ons wees sonder Facebook? Ek dink ons sou by mekaar kuier.
3. Die grootste afstand tussen mense word veroorsaak deur onbegrip.
4. In "eiewys" sit die woord "wys".
5. Ek spandeer baie tyd aan sport: Ek surf die hele dag …. op internet.
6. Ek sal moet geduld hê, maar ek kan dit nêrens vind nie.
7. Die lewe is 'n geskenk, maar jy kry dit sekerlik nie op 'n skinkbord nie.
8. As jy nugter daarna kyk, los alkohol niks op nie.
9. Laat ons mekaar se mening respekteer – hoe foutief joune ookal is.☹
10. Met drome kom 'n mens oral.

Kees Beekman

## Nuusbrief Redaksie:

**Kees Beekman (082 579 0527)** – **beekman@cosmoprop.co.za**

**John McEwan (082 882 0599)** – **jnmcewa@gmail.com**

**Louis v Jaarsveld (083 687 8486** – **Lvjaarsveld@mweb.co.za**